Die grootste doel van jou bestaan is om God te behaag (gelukkig te maak) deur jouself as lewende offer aan Hom te gee.

**Lofsang met die oog op die erediens**
Ps. 150 - 1: 1, 2 en 3
Ps. 145 - 2: Beurtsang: vers 1 (almal), 2 (broers), 5 (susters) en 9 (almal)

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Sb 10 - 1: 1 (Mel: ps. 50 - 1 se tweede melodie)
Votum
Seën
Loflied Ps. 8 - 2: 1, 2, 3, 4, 5
Geloofsbelydenis uit HK Sondag 1, vr. 1 (almal hardop saam)

**Verootmoedigingsdiens**
Wet uit Eksodus 20
Sing na die wet Ps. 50 - 1: 4, 7 (eerste melodie)
Gebed

**Woorddiens**
Skriflesing: Genesis 1: 27 - 2: 4 en Psalm 8 en Romeine 12: 1 – 8
Teksverse: Romeine 12: 1
Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Gebed
Liefdegawe
Gebed vir BNB
Sing Sb 12 - 6: 1, 2, 4, 5
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs

Een of ander tyd in jou lewe vra jy jouself dié vraag af: Wat is die doel van my bestaan? Hoekom is ek hier? Wat is die betekenis van my lewe! Hierdie vraag kom lê nogal in ’n mens se gedagtes wanneer jy so aan die einde van nog ’n jaar kom en vra: waarom het die Here my nog ’n jaar laat lewe? Nog ’n jaar van harde werk? Nog ’n jaar van hoogtepunte en laagtepunte? Van beproewinge en vreugdes…. Wat is die betekenis van dit alles?

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons probeer om vanuit God, ons Skepper, se oogpunt na die skeppingswerk te kyk. Dit is soos wanneer 'n mens na 'n skildery kyk en nie mooi kan peil wat die kunstenaar daarmee wou sê nie – die prent wil nie heeltemal duidelik word nie. As jy egter vir die kunstenaar vra wat sy doel met die kunswerk was, dan word dit vir jou duidelik. **As ons uit ons Skepper se perspektief na onsself en die skepping kyk, dan sal ons duideliker verstaan wat Sy doel met my is.**

**Kinders:** die woord “skepper” beteken: dit is die een wat iets anders maak. Soos die kunstenaar wat die skildery maak – hy of sy is die skepper van die skildery. God het ons gemaak en daarom noem ons Hom, ons Skepper.

**En hierdie Skepper Kunstenaar sê vanoggend vir ons, sy skepsels:**
**Die grootste doel van jou bestaan is om God te behaag (gelukkig te maak) deur jouself as lewende offer aan Hom te gee. Ek en jy is geskape om God te dien!**

**Kom ons kyk na drie prentjies in God se Skildery om die vraag te beantwoord: waarom is ek hier? Wat is die sin van my bestaan? Die boek Romeine is soos ‘n groot skildery wat God se plan met die wêreld vir ons teken en ons teksvers is die fokuspunt van hierdie skildery! Ek moet die groot prentjie van God se plan met my lewe hierteen kan raaksien: Ons kyk na**
1.God se groot skeppingsplan
2.God se groot herskeppingsplan- sy groot ontferming – sy grootste offer
3.Ons grootste doel : ’n aanneemlike offer

**1. God se groot skeppingsplan**

**God se hele bedoeling met die skepping was dat alles wat Hy geskape het Hom tot eer moes strek.** Die wonderlike skepping met al sy verskeidenheid en asemrowende prag, die diere van die veld, die voëls in die lig en die visse in die waters van die aarde moet God se lof besing. Die hemelruim om ons met die sterre en planete, die son met al sy krag en die onbegryplike grootheid daarvan moes die fokus op God as Skepper laat val. Gaan kyk maar weer in Genesis: telkens nadat God iets geskape het staan daar: en God het gesien dat dit goed was. Hy het dit geskep om Hom gelukkig te maak!

**So het God ook die <u>mens as die kr</u>oon van die skepping geskep sodat die mens sy God sal verheerlik.** Psalm 8 handel eintlik nie oor die mens nie. Dit sê die mens is eintlik niks in vergelyking met die grootheid van die skepping nie en tog het God die mens as die kroon, die beste van sy skepping gemaak, om Hom op aarde te verteenwoordig en om oor die aarde te heers. **Maar het u opgelet wat die opskrif van psalm 8 is**? : Daar staan: “Lof aan die Skepper” want in vers <u>1 en 10 (die begin en einde) val die fokus op die eer en glorie van die Skepper van dit alles.</u>

Die hele skepping se doel was om God te eer en Hom te behaag. God het dit vir sy plesier gemaak. **Ook Paulus sing daarvan in hf. 11: 33 – 36: Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Amen!!!!**

**Die mens, as kroon van die skepping, het egter hierdie skeppingswerk van God bederf.** Onder verleiding van die duiwel, wat nie kon toesien dat God al die eer ontvang nie, het die mens in sonde geval en so die skepping bederf. Toe het daar sonde, pyn en lyding in die wêreld gekom en dit is tot vandag toe daar en sal daar wees tot met die wederkoms. Dit was die tragiese gevolg van die mens se sonde. Alles is bederf.

Daar het in die natuur dorings en onkruid gekom om die mooi handewerk van God te belemmer. In plaas daarvan dat die mens oor die natuur heers en dit in stand hou, het hy dit begin verwoes en vernietig en in die proses word van die prag en skoonheid wat God geskep het, verwoes.

**Br en sr, ons eie lewens is verwoes**. Sonde, ellende en dood het deel daarvan geword en ons worstel vandag nog daarmee. Almal van ons word op een of ander manier hierdeur geraak.
**'n Vraag wat ons onsself ook moet afvra is: in hoe mate dra ek met my sonde daartoe by dat God se skeppingswerk vernietig word?** Wat doen ek om God van sy eer in my lewe te beroof? Met die ou mens in ons is ons is deel hiervan en ons moet dit besef en bely. Wanneer ek sondig, vernietig ek God se skeppingswerk. Met woorde en dade wat God onteer en met liefdeloosheid waarmee ek my naaste seermaak en selfs geestelik kan doodmaak. Ons moet besef dat ons ook bydra om die natuur sy prag te beroof met ons oorbenutting en vermorsing. Sulke optrede van my ou natuur maak God ongelukkig en beroof ek Hom sy eer.

**2. God se groot herskeppingsplan: sy groot ontfermingsoffer. Ons teksvers praat van "op grond van die groot ontferming van God"... Wat is hierdie ontferming?**

**Vanuit God se perspektief het "sake verkeerd geloop" .** Dit wat Hy bedoel het, het byna verlore gegaan as gevolg van die mens. **Maar geliefdes, God het dit toegelaat, want God het ook 'n herskeppingsplan gehad**. Die eerste Adam het alles verlore laat gaan, maar die tweede Adam sou alles herstel.

Omdat God in beheer van sy skeppingswerk is en Hy die koning is en bly, sorg Hy dat niemand Hom sy eer Hom beroof nie. Hy het nie toegelaat dat sy skeppingswerk totaal vernietig word nie. **God het 'n herskeppingsplan gehad. Dit is die "groot ontferming van God" waarvan Paulus in vers 1 praat.**

**Omdat God sy skepping liefhet en sy werk nie tot niet wou laat gaan nie, het Hy in Christus alles herskep**. Volgens Romeine 5 en 6 is Christus is die tweede Adam wat alles kom herskep het. Die straf op die sonde van die eerste Adam is die dood. Die straf op die werk van die mens om God se skepping te vernietig is die dood. En die mens kon nie hiervan vrykom nie – ons kon nie self daardie straf dra nie. Daarom stuur God in sy groot liefde sy Seun na hierdie wêreld om in ons plek die straf van die dood te kom dra, sodat die hele skepping herskep kan word – mens en natuur.

**God se herskeppingsplan het 'n geweldige offer gevra: die dood van sy Seun en God het dit vir ons gedoen.** Christus bring die soenoffer : dit was die Ou Testamentiese offer om versoening te bring tussen God en mens en Christus het Homself vir ons geoffer.

**Christus het die straf in ons plek gedra, Hy het die dood oorwin en met sy opstanding het Hy nuwe lewe – herskepping - vir hierdie skepping gebring**. Deur ons geloof in Hom word ons nuut gemaak, herskape, sodat ons ook die nuwe mens in ons het. Nou kan ons God weer ken soos aan die begin, nou kan ons Hom weer dien en Hom gelukkig maak, Hom behaag. In Christus is ons nou weer die kroon van God se skepping en kan ons met God se genade sy skepping beheers en bestuur soos Hy wil hê ons dit moet doen.

Natuurlik weet ons volgens Romeine 8 dat dit alles nog nie heeltemal volmaak is nie. As gevolg van die sonde in hierdie bedeling sal ons nog daarmee worstel. Eers as God hierdie hele skepping met die wederkoms herskep tot die volmaakte, sal alles weer volmaak wees. **Tot dan toe sal ons worstel met die onvolmaaktheid van ons bestaan.**

**Maar br. en sr., die genade van die Here lê juis daarin dat Hy nou, op grond van Christus se offer vir ons die Heilige Gees gegee het om ons in hierdie stryd by te staan**. Ons moet bid om die krag om elke dag nie – na die wil van die ou mens – die eerste Adam – God sy eer te beroof nie, maar om na die wil van die nuwe, herskape mens in ons, na die beeld van die tweede Adam, God in alles gelukkig te maak. Ons kan nou weer aan die oorspronklike plan beantwoord

**Sien u hoe wonderlik was God se herskeppingsplan!!! Ja, ons kan ook soos Paulus daaroor sing!!** God het in sy liefde 'n groot offer gebring om alles te herskep – ja, ook vir my en jou. – ons is nuwe mense!! Ons kan nou lyk soos Christus!
En terwyl alles nog nie volmaak is nie, gee Hy sy Gees om ons te help in hierdie tyd van onvolmaaktheid. In al ons lyding, beproewing en sondeworsteling – troos die Gees ons deur die Woord en staan Hy ons by.

**En daarom nou geliefdes, op grond van hierdie herskeppings-offer van God vra Hy nou in die derde plek: Gee jou lewe as 'n aanneemlik offer vir God wat Hom gelukkig sal maak. 'n Lewe wat Hom behaag**. **Dit is jou grootste doel op aarde.** Paulus sê: dit is die eerste en belangrikste daad in ons godsdiens – dat ons ons hele lewe moet offer.

Ons lewe moet nou wees soos die **Ou Testamentiese brandoffer** wat geheel en al op die altaar verbrand is tot eer van God. Ons gee ons hele lewe oor aan God.

Ja, dit gaan nie om my en jou nie! Dit is die groot leuen waarmee Satan vir Adam en Eva verlei het en waarmee hy ons vandag nog probeer verlei. Om vir ons te laat glo dat alles gaan om myself! Ek is hier sodat God my kan dien! Ek is hier sodat ander my kan dien! My lewe, my belange, my geluk en voorspoed is die heel belangrikste saak en alles moet dien om dit te bewerkstellig! Dit gaan alles oor my – so dink die mens!

Dit is waarom Jesaja dit so mooi vir die volk gesê in Jesaja 29:16 [16]Julle is agterstevoor met alles, asof die pottebakker die klei is. Die maaksel kan mos nie van sy maker sê: “Hy het my nie gemaak nie”; die kleipot kan mos nie van die pottebakker sê: “Hy weet nie wat hy doen nie.”

God is die Skilder en ons die skildery. Ons hele lewe gaan oor God en hoe ons Hom met ons lewe dien en eer! Met hoe ek leef – in die huwelik – met die dienende liefde van Christus.
Hoe ek my kinders grootmaak – om te weet dat hulle aan God behoort
Hoe ek my werk doen as my stukkie aarde wat ek vir God moet oppas en bewerk sodat my werk Hom kan verheerlik
Hoe ek tussen my vriende in die sosiale samelewing duidelik laat blyk: ek is hier om God te dien! Dit is die doel van my bestaan!
Hoe ons as gemeente besef en alles so doen dat ons kan sê: aan God die eer vir alles en deur alles wat ons doen!
Hoe ons in die politieke arena nie ons eie voordeel soek nie – maar die voordeel van die Koningryk van God!
Jesus het moes gesê: Soek eers die Koninkryk en al die ander dinge sal vir julle gegee word!
Kom ek stel dit so: my hele lewe moet ‘n groot rigtingpyl wees wat na God toe wys. “Here, dit gaan alles oor U” Aan U die eer en die lof!

En onthou: as ek dit nie hier in die geloof oefen en regkry nie, hoe sal ek dit in die **ewigheid kan laat gebeur!** Want wat nou hier op aarde doen is die voorbereiding vir die lewe op die nuwe aarde waar God die middelpunt is en ons hele bestaan rondom Hom wentel! **As ek nou net vir myself wil lewe – wat wil ek in die hemel gaan doen?**

Geliefdes, die **Here het vanmore vir ons die groot prentjie van sy skeppingsskildery gewys:** Hoe Hy ons met ’n vaste doel geskep het! Hoe ons as mense met ons selfgerigtheid amper hierdie plan van God verwoes het en hoe Christus alles kom herskep het sodat ons nou weer ons skeppingsdoel kan bereik.

Wat is dan die sin en betekenis van my lewe? Waarom is ek hier? Om myself as lewende offer vir die Here te gee! Dit is die belangrikste ding wat ek ooit op aarde kan doen!.

**Daarom… gee jouself, gee jou hele lewe geheel en al – dit is wat jou Skepper met jou bedoel het en wanneer ek en jy dit doen – dan behaag ons die Here – dan is Hy gelukkig en tevrede met ons lewe.**

Amen.